

HTML

HTML hulp vir die beginner

Baie studente vra die vraag, *Hoe kan mens 'n Tuisblad vinnig skep deur HTML te gebruik?*

Wat is HTML

HTML staan vir *Hyper Text Markup Language* en dit is 'n eenvoudige taal om teks as hiperteks voor te stel deur gebruik te maak van sekere sleutel woorde of etikette. Al die etikette moet tussen < en > tekens geskryf word en alle etikette moet vegesel word met 'n eiende etiket. 'n Einde etiket moet geskryf word as </...>

Die basiese vorm van 'n HTML dokument

Alle html dokumente het die volgende basiese vorm

```
<html>

  <head>
  </head>

  <body>
  </body>

</html>
```

Die <head> seksie sal inligting bevat wat die dokument self beskryf, terwyl die <body> seksie die inligting bevat wat U wil publiseer.

U eerste HTML dokument

Die volgende is 'n kort, maar geldige HTML dokument wat eenvoudig die sin **My eerste HTML dokument** sal skryf.

```
<html>

  <head>
  </head>

  <body>
    My eerste HTML dokument
  </body>

</html>
```

U kan dit toets deur die teks hierbo in *Notepad* in te tik, dit te stoor as *eerste.html* en dan *eerste.html* in *Internet Explorer* oop te maak.

Paragrawe

Om 'n paragrawe te maak, gebruik `<p>` gevolg deur die teks wat in die paragrawe moet wees en sluit dit af met `</p>`.

HTML kode	Hoe dit lyk
<pre><body> Dit is die eerste paragrawe Dit is die tweede paragrawe </body></pre>	Dit is die eerste paragrawe Dit is die tweede paragrawe
<pre><body> <p> Dit is die eerste paragrawe </p> <p> Dit is die tweede paragrawe </p> </body></pre>	Dit is die eerste paragrawe Dit is die tweede paragrawe

Soos U kan sien het die eerste voorbeeld geen struktuur nie, maar as ons die `<p>` etikette gebruik kan ons die dokument in twee paragrawe deel.

Opskrifte

Opskrifte kan gemaak word deur die `<h1>` tot `<h5>` etikette te gebruik.

HTML kode	Hoe dit lyk
<pre><body> <h1>Hierdie is 'n hoof opskrif</h1> <h2>Hierdie is 'n kleiner opskrif</h2> <h3>Hierdie opskrif is nog kleiner</h3> </body></pre>	

Artikelbronne en bydraers

HTML *Bron:* <http://af.wikibooks.org/w/index.php?oldid=4561> *Outeurs:* Adriaan, Adriaan90, Jan Slimkop, Jedudedek, Lixer, 8 anonieme wysigings

Lisensie

Creative Commons Attribution-Share Alike 3.0
[//creativecommons.org/licenses/by-sa/3.0/](http://creativecommons.org/licenses/by-sa/3.0/)
